Saam bou ons 'n nalatenskap ~ vandag!
Building a legacy together ~ today!

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary
DOELGERIG

Riebie Klanke

Jaargang 25 |KORONA-WEERGAWE | 11 MAART 2021 |d6 Communicator www.riebie.co.za

Hooftrekke

"If we make every day better than the one before, today will be the best day yet, and the greatest days ever will await us in every tomorrow."

KORTING OP SKOOLGELDE

Baie dankie aan al die ouers wat die skool positief ondersteun met die stiptelike betaling van skoolgelde.

Die skool het dit goedgedink om ouers die geleentheid te gee om steeds korting van 'n maand se skoolgelde te ontvang, indien u die jaar se skoolgelde **voor of op 31 Maart 2021 ten volle betaal**.

Byvoorbaat dankie vir u positiewe ondersteuning.

TERUGKEER VAN LEERDERS

Die skool verwelkom ouers en leerders weekliks terug. Hierdie week was geen uitsondering nie... .

Sowat 95% van die leerders het nou reeds teruggekeer en ek glo en vertrou dat ouers, in hul soeke na normaliteit, die geleentheid om leerders te kon terugstuur skool, verwelkom het.

Personeel is baie opgewonde om weer met voller klasse te werk en die positiewe atmosfeer is aanvoelbaar. Die skool wil al die akademiese tyd tot ons beskikking ten volle benut, en daarom is dit belangrik dat u asseblief u kind/ers sal skool toe stuur.

Ek doen egter 'n ernstige beroep op ouers om bewus te wees van u kind se gesondheidstoestand. Indien daar enige griepsimptome voorkom, moet u asseblief die kleingoed by die huis hou en raadpleeg 'n mediese adviseer indien nodig.

Onthou: Ons almal is verantwoordelik vir ons eie gesondheid.

BEHEERLIGGAAM-VERKIESING

Baie dankie aan ouers wat nominasies op gekommunikeerde datums ingedien het. Die skool se nominasies was vanaf Donderdag, 4 Maart 2021 tot Vrydag, 5 Maart 2021, oop.

Die skool het ses ouer-nominasies ontvang en daarom is dit vir die skool ‘n voorreg om aan te kondig dat ‘n verkiesing nie nodig sal wees nie. Die ses ouers wat genomineer is word as onbestrede Beheerliggaamslede aangewys.

Die skool se onafhanklike verkiesingsbeampte het die proses as vry en regverdig afgeteken en die skool geluk gewens met die proses.

Baie dankie en sterkte aan die volgende ouers en personeel wat deel gaan vorm van die skool se Beheerliggaam:

Ouer-verteenwoordigers
1. Mnr. Christo Strydom
2. Mnr. Aldo van der Walt
3. Mev. Charmain Goncalves
4. Mnr. Lehan van den Heever
5. Mnr. James Woo
6. Mnr. Ettiene Rossouw

Personeel-verteenwoordigers
1. Mev. Ansa Mulder
2. Me. Elsabé van Niekerk
3. Mnr. Hendrik van Staden

Admin-verteenwoordiger
1. Mev. Alta du Plooy

RIEBIE LEIER-VERKIESING

Baie geluk aan die volgende leerders wat as Riebieraadslede aangekondig is. Ons is trots op julle! Sterkte met die take wat jul gaan verrig. Onthou, om ‘n leier te wees is ‘n voorreg, nie ‘n reg nie. Maak van hierdie geleentheid gebruik om te groei en te leer. Ondersteun mekaar en leef die skool se waardes uit, dan sal die ander Riebies outomaties volg.

SEUNS

Anroux Pienaar
Anru Nel
Christiaan Wiese
Damian van der Westhuizen
Divann Lamprecht
Ettienne Stroebel
Ewald van der Linde
Francois Marais
Henrico Zietsman
Jamie Lange
Joshua Venter
Juan Olivier
Karabo Chawasarira
Keanu Strydom

SEUNS (vervolg)

Llewellyn Truter
Lohan Bitzer
Louhan Human
Matthew Paraskeva
Seth van Wyk
Simon Brand
Theunis van Schalkwyk
Tshwanelo Pitso
Xayne Wilkens-Becker

DOGTERS

Alexa Johnson
Angelique van Niekerk
Ashleigh Engelbrecht
Ashleigh Kotze
Chantré Berg
Chrizanne Kotze
Cornelle Pryor
Elané Weitsz
Hannah Abrahams
Jacinda Ruthven
Junél du Plessis
Kaitlyn van Rooyen
Kaylee Vermaak
Kirsten Kotze
Marli du Preez
Miané Jacobs
Mika Robinson
Odette Swanepoel

12 MANIERE OM JOUSELF, JOU OMGEWING, EN DIE MENSE OM JOU, POSITIEF TE VERANDER:

1. Begin klein. Moenie bekommerd wees oor drastiese veranderinge nie. Moenie sê hoe jy môre die wêreld gaan verander nie. Verander jou omgewing en jou gesindheid vandag.

2. Gaan in weerstand teen die negatiewe. Die punt van verset is die grootste geleentheid om positiewe veranderinge aan te bring.

3. Werk saam met iemand wat reeds ‘n verskil maak.

4. Fokus op gee, eerder as ontvang.

5. Verwag baie binne jou vermoëns. Stel jou “dwarslat” hoër. Lae standaarde lewer nooit hoë resultate nie.

6. Omarm die krag van onvolmaakte oplossings. Moenie bekommerd wees oor die oplossing van “alles” nie, los net iéts op.

7. Begin eers deur in die behoeftes te voorsien, eerder as om vinger te wys en te verduidelik wat ander moet doen.

8. Verryk mense deur hulle te help om hul passie te vind en uit te leef.

9. Vra: “Hoe kan ek help?”

10. Kla minder. Wees eerder dankbaar vir drie dinge elke keer as jy kla.

11. Ontwikkel iemand anders se vaardighede deur hulle die geleentheid te bied om te dien.

12. Probeer dinge. Duidelikheid kom voor by diegene wat tot aksie oorgaan.

“ When writing the story of your life, don’t let anyone else hold the pen.”

~ Harley Davidson ~

V Botha | Skoolhoof

Sport

NETBAL OEFENING

Hiermee die oefentye vir die verskillende oefengroepe. Ouers en dogters moet asseblief daarop let dat slegs vaardighede geoefen gaan word. **Dogters moet hul eie waterbottels saambring. Dogters kan nie by die krane gaan water drink nie.**

15 Maart 2021 - 18 Maart 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
13:30 – 14:15				O/7 & O/8
14:15 – 15:00	O/12 A & B	O/11 A & B	O/10 A & B	Al die O/9’s
15:00 – 15:45	O/13 A & B	O/13 C & O/12 C	O/10 C & O/11 C	

RUGBY OEFENING

Die rugby oefening gaan fokus op vaardighede en geen fisiese kontak sal plaasvind nie. Alle COVID-19 regulasies sal gevolg word. **Seuns moet hul eie waterbottels saambring. Seuns kan nie by die krane gaan water drink nie.**

Oefentye

MAANDAE	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:00
	O/11, O/12 & O/13	15:00 – 15:45
DINSDAE	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:00
	O/9 & O/10	15:00 – 15:45
WOENSDAE	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:00
	O/11, O/12 & O/13	15:00 – 15:45
DONDERDAE	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:00
	O/9 & O/10	15:00 – 15:45

Oefentye vir O/7 en O/8

MAANDAE	13:30 – 14:15
WOENSDAE	13:30 – 14:15

TENNIS

Oefening vind as volg plaas:

Dinsdag : 06:00 – 07:00

Donderdag : 06:00 – 07:00

Onthou jou waterbottel en tennisraket. Leerders mag LOV-drag dra.

Kultuur

REVUE OEFEN-NAWEEK

Alle Revue-leerders is reeds op 8 Maart 2021 in twee groepe verdeel. Daar sal ‘n revue oefen-naweek op 12 en 13 Maart 2021 vir die twee groepe, soos hieronder uiteengesit, plaasvind.

Groep 1

Vrydag	14:00 – 15:30
Saterdag	11:00 – 14:00

Groep 2

Vrydag	15:30 – 17:00
Saterdag	08:00 – 11:00

Leerders moet asseblief genoeg water/drinkgoed, ‘n masker/skerm en ‘n versnapering saambring.

Algemeen

KLEREDRAG

Leerders word toegelaat om vir die res van die kwartaal met skool LOV-drag skool toe te kom. Daar bly steeds reëls rondom die dra van LOV-drag.

GEEN plakkies word saam met die skoolsweetpak toegelaat nie. Leerders moet asseblief tekkies saam die skoolsweetpak dra.

Indien ‘n leerder die LOV-kortbroekie en hempie dra, het hy/sy ‘n keuse om, of die Noster plakkies te dra, of tekkies met WIT kouse.

Ons vra dat ouers asseblief sal toesien dat hul kinders met die regte skooldrag skool toe sal kom.

ONTHOU: Kinders moet steeds hul gesigmaskers dra voordat hulle die skoolterrein mag binnekom.

LEERDERS WAT NIE BETYDS AFGEHAAL WORD NIE

Indien leerder nie teen 14:15 by hul onderskeie hekke afgehaal is nie, sal leerders na die hek by Swartwildebeesstraat (Op- en aflaai inry hek) vergesel word waar ouers hul dan kan optel.

"LOCKDOWN LEARNING" - LEERDERS

Ouers wat steeds versoek dat hul kinders tydens vlak 1 "*lockdown learning"* moet doen, is verplig om die **APPLICATION FOR EXEMPTION OF LEARNER TO ATTEND SCHOOL** wat op die d6 Connect onder bronne beskikbaar is, te voltooi en dringend na ansa@riebie.co.za toe terug te stuur.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Die Riebie Rakkers het weer na normale omstandighede toe teruggekeer, dus is die Naskoolsentrum nie meer in die oggende oop nie.

Toesigklasse vir huiswerk is ook weer aan die gang. Onderwysers en studente hou toesig. Hiermee die tye as volg:

- Graad 1 en Graad 2 se klasse : Vanaf 14:00 – 15:00

  Leerders wat sport oefen in studietyd, kry geleentheid om by die bankies te gaan sit en huiswerk doen na afloop van sport-oefeninge.

- Graad 3 – Graad 7 se klasse : Vanaf 14:15 - 15:00 (eerste sessie) en 15:15 – 16:00 (tweede sessie).

Die Naskoolsentrum is tot 18:00 oop. Na 18:00 sal 'n R50-00 boete per elke 15 minute daarna gehef word.

Enige ouer wat op n spesifieke dag vasbrand met vervoer, kan leerders as dagbesoekers inskryf teen R50-00 per dag, wat dan betaalbaar is wanneer u die leerder kom afhaal.

Ons vra mooi dat ouers asseblief die Naskoolsentrum sal skakel wanneer u by die skool stop en nie wanneer u by die werk vertrek nie. Ouers word nog nie op die skoolgronde toegelaat nie en personeel moet leerders na die hekke toe vergesel.

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum : 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 15 – 19 MAART 2021

MAANDAG	Herderspastei	Muffin en Sap
DINSDAG	Warmbrakke	Vrug en Sap
WOENSDAG	Burgers	Broodjie en Sap
DONDERDAG	Macaroni en Kaas	Vrug en Sap
VRYDAG	Hoender Mayo Rolletjie	Skyfies / Broodjie

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***

NOSTERS

AANDAG ALLE **RIEBIES**...

Dit is nog lekker warm en net die regte tyd om vir jou ‘n paar lekker gemaklike en koel Noster plakkies aan te skaf!

Koop jou eie **NOSTERS** nou aan, deur jou registeronderwyser, en wees Superkoel !

Koop jou eie
SUPERKOEL
NOSTERS
nou
@
R120-00
per paar